Universiteit van Pretoria

# HOEKSTENE

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# HOEKSTENE

PROF D HOLM

Intreerede gelewer op 25 September 1986 by die aanvaarding van die Professoraat in en Hoofskap van die Departement Argitektuur, Fakulteit Wis- en Natuurkunde, Universiteit van Pretoria

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# CURRICULUM VITAE
# PROF D HOLM

Dietrich Holm is op 3 Maart 1936 te Pietermaritzburg as die oudste seun van dr Erik en Elly Holm gebore. Hy matrikuleer in 1954 aan die Hoërskool Brits en behaal onderskeidings in vyf vakke.

Hy skryf aan die Universiteit van Pretoria in en in 1960 behaal hy die BArch-graad; in 1971 die MArch-graad en in 1985 word die eerste doktorsgraad in Argitektuur aan die Universiteit van Pretoria aan hom toegeken. Hy verwerf ook merietebeurse gedurende 1956, 1957, 1958, 1959 en 1960.

Intussen het professor Holm die volgende praktykondervinding opgedoen: vanaf 1 November 1956 tot 28 Januarie 1957 as assistent by Burg, Lodge en Burg; vanaf 1 Augustus 1959 tot 28 Februarie 1960 by Meiring en Naudé; vanaf 25 November 1960 tot 30 Maart 1964 by Brian Sandrock en vanaf 1 April 1964 in sy eie praktyk, Holm en Holm.

Op 5 Mei 1967 word hy as lektor aan die Universiteit van Pretoria in die departement Argitektuur aangestel, en op 1 Junie 1971 tot senior lektor bevorder. Op 1 Julie 1973 word hy tot medeprofessor bevorder en op 1 Oktober 1985 tot professor in en hoof van die departement Argitektuur. Hy spits hom in die besonder toe op onderrig in tegnologiese en kultuurvakke asook ontwerp. As leier van die departementele navorsingspan het hy 'n sentrum van kundigheid aan die Universiteit gestig wat daarop toegespits is om nagraadse studente te lok en wetenskaplike publikasies die lig te laat sien.

Verskeie onderskeidings het professor Holm reeds te beurt geval: 'n spesiale prys met 'n "Star"-kompetisie; eerstepryse vir die Generaal J B M Hertzog-monument in Bloemfontein, vir die Langenhoven-studentesentrum aan die Universiteit van Stellenbosch, vir die Vegkopkompetisie in Heilbron, en vir die BIFSA-kompetisie in Midrand. Die lyfblad van die Instituut vir Suid-Afrikaanse Argitekte wy 'n hele uitgawe aan die werk van hierdie praktyk, 'n praktyk wat hom onderskei deur 'n betrokkenheid in die akademiese wêreld, die praktiese opleiding van jong argitekte, asook pionierswerk op die vlak van energiebewuste argitektuur en restourasie van historiese geboue.

Professor Holm is of was lid van verskeie vakkundige verenigings. Hy is tans voorsitter van die Beplanningskomitee vir die Pretoriase Middestadvereniging, president van die Sonenergievereniging van suidelike Afrika asook voorsitter van die Afdelingskomitee vir Alternatiewe Energie: Nasionale Program vir Energienavorsing. Hy tree op as beoordelaar in verskeie argitektoniese kompetisies, asook as studie- en toerleier van die projek "Graaff-Reinet" en onderneem etlike studiereise oorsee gedurende studieverlof vir kongresse en besoeke aan institute.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Daar het reeds verskeie geskrifte uit sy pen verskyn wat wetenskaplike publikasies, redaksionele artikels en verslae insluit. Hy lewer ook talle referate en tree gereeld as gasdosent elders op.

Professor Holm was as argitek gemoeid met onder meer die volgende werke: Sunnyside Poskantoor; 'n kantoorblok in Kemptonpark; die wetenskapgebou van die Universiteit van Zoeloeland; die Langenhoven-studentesentrum; 'n drukkery in Wynberg; die middestad van Ulundi; die Moretele Onderwyskollege; die landboumuseum in Kaalfontein; die meesterplan van die Universiteit van Bophuthatswana; restourasie aan die Paleis van Justisie; Kya Rosa aan die Universiteit van Pretoria en ander werke.

Dit is nou my aangename voorreg om vir professor Holm te versoek om sy professorale intreerede te lewer oor die onderwerp: *Hoekstene.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*Die steen wat die bouers verwerp het,*
*dit het 'n hoeksteen geword.*
Luk. 20:17
(Ou vertaling)


Meneer die Vise-kanselier
Meneer die Dekaan
Lede van die Raad
die Rektoraat en die Senaat
Dosente en Studente
Dames en Here

Heel eerste moet ek — soos dit my betaam —
respekvol eer en dank betuig aan wie
ek innig dank verskuldig is, veel meer
as woord en daad vir hulle kan vergoed:
my aardse ouers wat my opgevoed
het en wat hierdie aand met ons kan deel.
Dan volg my *Alma Mater*, voedvrou van
die gees, en hulle wat deur onderrig
en voorbeeld my langs hierdie weg gelei
het. Aan my medewerkers alle eer
vir wat bereik is en bereik sal word.
My voorganger het hoë eise aan
homself gestel en ook behaal. Mag ons
wat volg sy voorbeeld waarlik waardig wees.
En laastens wil ek my vennote dank,
want hul oneindige geduld word net
deur een persoon oortref — en dis my vrou

★ ★ ★




Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Die boukuns is 'n kuns van lange duur.
Die boukuns is veel meer as één man diep.
Groot reuse het ons tyd voorafgegaan;
vandag staan ons nog bo-op hulle skouers.
Van hierdie reuse was Imhotep één
van wie se werk u seker almal weet.
Ek is self 'n Imhotep-volgeling.
Hy was bekend as argitek en arts,
as skrywer van formaat en kenner van
die sterre; Hý kon vloed en droogte juis
voorspel. Hy is die vroegste argitek
van wie ons weet wat hy gebou het, en
ons ken sy beeltenis en naam. Hy is
reeds in sy leeftyd deur sy eie land
vereer, en na sy dood is hy weldra
tot heilige verklaar, 'n towenaar
van faam. Die eerste man in Afrika
wat piramides van bewerkte klip
ontwerp het, haaks en akkuraat gebou.
Vier duisend ses honderd ses-en-dertig
jaar gelede het 'n argitek
in Afrika 'n bouwerk laat verrys
wat voortbestaan tot nou en lank sal hou.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services




Dit was drie duisend nege-en-sestig jaar
nog vóór die eerste universiteit
gedurende die duister Middeleeu
te Bologna eerste daglig sien;
vier duisend drie honderd en sestien jaar
voor De Goede Hoop-Kasteel se hoek-
steenlegging onder onse Suiderkruis;

Den Eersten Steen Van't NIeuwe CasteeL Goede Hope
Heeft VVagenaer gelecht Met hoop van goede Hope
MDCLVVVI

vier duisend vyf honderd twee-en-negentig jaar
voor 'n leerstoel in die boukuns aan
ons eie universiteit gestig is.
'n Ieder en 'n elk kan hieruit sien:
die moeder van die kunste het van ver
gekom — en sal nog vele jare duur.

★ ★ ★







Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Ek wil vir u van hierdie oerou kuns
aan hand van hoeksteenleggings illustreer
wat in die hede herontdek is en
nog voortleef van die ou Imhotep-leer.

Ek wil uit wans uit graag diegene wat
vanaand hier in ons midde sit en ook
geen hoeksteen in hul huis het nie, gerusstel:
want uit die staanspoor wil ek hier erken
dat nòg my eie huis nòg die gebou
van my Departement voorsien is van
'n hoeksteen in die fondament. Selfs vir
'n bronsplaat, wat 'n mens soos mosterd na
die maal as hoeksteensurrogaat onthul,
het tyd en lus eenvoudig net ontbreek.


Die woordeboek se definisie lui:
'n hoeksteen is 'n uitgeholde klip
wat op die buitehoek van 'n gebou
as fondament gelê word deur 'n man
of vrou van aansien. In die holte word
soms munte en koerante toegebou.




Gewoonlik is 'n hoeksteen van graniet,
en dit is kwarts en kaliumveldspaat,
'n bietjie plagioklaas en biotiet
ook hoornblende, of dan ook ougiet.
Die kleur is tipies lig- tot donkergrys,
of ligrooi tot 'n rooierige bruin.
Een kubieke meter weeg twee ton.
Vir bouwerk is dit uiteraard geskik.
Die hoeksteen is, in heel gewone taal,
'n doodgewone boumateriaal.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Die steen moet eers bewerk word voordat dit
met ander stene saamgebou kan word;
en die bewerking van die steen kos werk.
Die skrif daarop moet uitgebeitel word.
Ook hierdie saak kos moeite en kos tyd.
Dan moet die steen vervoer en ook gelê
word. Weer is middels soos masjiene, krag
en hande nodig om dit te vermag.
Die hoeksteen kos ons geld en werk, en dié
is eintlik alles vorms van energie.




Die steen moet saam met ander ingebou
kan word en is 'n onderdeel van nog
'n grotere geheel. Die steen wat saam
met ander ingebou moet word, dié moet
'n hou of twee verduur. Die plek en rang
van elke onderdeel word deur die groot
geheel se vorm en norme streng bepaal.
Die groot geheel is meer as bloot die som
van al die dele: dís hul nuwe vorm.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services


Wat is die doel en sin van hoeksteen lê?
Ten eerste is dit wel 'n fees, en *fees*
is afgelei van *festum, feriae*
en dit beteken *feesdag, vaste dag.*
Maar *fanum* heet die tempel in Latyn,
en *vas* se oorsprong kom van *pasto* wat
op *sterk, bestendig*, ook op *vesting* dui –
soos in "'n vaste burg is onse God".
Die hoeksteen sê: ek is hier om te bly!
Maar ons is sterflik; weldra gaan ons heen.
Dus skryf ons dag en datum op die steen.
'n Hoeksteenlegging is 'n fees en vier
bestendigheid, en vastigheid, en duur.



'n Hoeksteen is ook tegelyk 'n grens
wat binnekant teen buitekant beskerm,
en orde skep teenoor die baaierd buite;
'n bolwerk wat die buitehoek bewaak.
Toe Remus oor die pasgeboude muur
van Rome spring, het hy 'n wet geskend;
hy het oortree en daarvoor moes hy met
sy lewe boet. Op Rome lê sy bloed.
Dus, hoeksteenlegging is ook perke plant,
die skep van 'n beskermde binnekant.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n Hoeksteen is ook bakensteen waardeur
ons mense in ons wêreld rigting vind,
hulself kan oriënteer. Die bakens plant
ons na die stand van son en sterre om
in harmonie te wees met wette van
die kosmos bowe ons. Met voete op
die aarde kyk ons na die hemel op.
Die hoeke van die piramide is
na son en ster gerig. Die trappe van
die piramide styg steeds na die sterre.



As óns bid rig ons ons gebed na bo,
tot Onse Vader wat in die hemel is.
Ons pleng die wyn, gedagtig aan die bloed.
Die Swartman daarenteen rig sy gebed
na onder, af na die aarde toe. Hy graaf
'n kuil, spuug bier daarin, want bier is saad,
en roep sy voorvaders wat in die aarde
is, by name op. Dan druk hy penne
in die grond, terwyl die ander mans
hul rûe op hom keer. Net mans neem deel.
'n Aardse towerkrag beskerm sy kraal.
Hy rig sy hut nie na die son of ster nie,
maar na sy wêreldmiddelpunt: die kraal.
Ons hoeksteenlegging: dit is rigting vind
aan hoë hemellig, teen weer en wind.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die hoeksteen is ook in die alchemie
en metafisika 'n ou simbool
want daarin is die *lapis philoso-
phorum*, die Steen van Wysheid: Al Iksir,
die eenheidskepper, of die kwintessens,
wat met die skepping oor die wêreld uit-
gestort is, en wat deur die loutering
van stof tot pure goud gereinig word.
Maar slegs 'n mens wat self gelouter is,
sal hierdie *magnum opus* kan vermag,
indien die hemel hom genade skenk.
Die hoeksteen, as die ware Wysheidsteen,
maak hemel, aarde, lug en water één.

Die uitgeholde steen berg in sy kern
'n offergawe wat ons in die steen
begrawe. Vroeër het ons wel 'n dier —
ja, selfs 'n mens as vredesoffer vir
die plek se Gees, op die steen gedood.
Dit is die saad en fondament van die
gebou wat in die grond begrawe word.
'n Nuwe wese sal herleef en groei.
En waar die mens 'n hoeksteen lê, daar bou
hy aan 'n toekoms waarop hy vertrou.
'n Hoeksteenlegging is 'n vrome daad:
die sarkofaag bewaar gewyde saad.

★ ★ ★

Geagte Dames en Geagte Here,
wat sal ons hiervan aan studente leer?
Dalk maak ons net die mense deurmekaar,
want watter waarheid is nou werklik waar?

Ons is geneig om iets te sien as net
van onder af veroorsaak deur 'n krag
wat op materie werk. Of anders sien
ons dit as net van bo veroorsaak deur
die suiwer werking van die gees alleen.
Eksakte wetenskap begryp die mens
en ons heelal as die gevolg van stof
en energie, waar blote toeval heers.
Die geesteswetenskap verstaan die mens
en ons heelal as deur die gees gevorm —
geskape en verstaanbaar in dié sin.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Eksakte wetenskap werk stap vir stap,
van feit tot feit; hy sien 'n enk'le boom
terwyl die hele bos hom minder pla.
En hy is skepties oor die vraag na sin.
Die geesteswetenskap werk met konteks,
holisties en histories. Hy beskou
die bos as één, terwyl die enk'le boom
hom minder pla. Het Hegel nie gesê
nie: "Des te erger vir die feite wat
dan glo verseg om in my kraam te pas"?

So was dit altans tot nog kort gelede.
'n Tegnomorfe wêreldbeeld het ons
tot nou oorheers. 'n Nuwe wêreldbeeld
is aan die kom en dié is biomorf.
Ons herontdek 'n toegegroeide pad
wat lank voor ons tyd reeds bewandel is;
en hierdie pad verbind wat gister nog
geskei en skynbaar onversoenbaar was.
Ons hedendaagse stelselteorie,
ontdek 'n ou, miskende wysheid weer,
maar kan dit nou met harde feite staaf.
Materie wat ons dood gewaan het, kan
dus eienskap van lewe hê, want dit
kan orde skep en orde onderhou.
Dit kan geskiedenis hê soos iets wat leef:
dissipatiewe ope stelsels; dié
bevinding lei 'n nuwe tydvak in.
Reeds Aristoteles beskrywe vier
faktore, wat vir alle stelsels geld:
vir kwantum en atoom en molekuul;
vir biomolekuul en selstruktuur;
vir sel en weefsel en orgaan en ook
vir organisme en die groep; en voorts
vir biosfeer, planeet, en sonnestel-
sel, sterrestelsel, en die groot heelal.

En telkens vind ons hierdie teorie:
dié vier staan in die wêreld van bestuur
bekend as komponente, middele,
omgewing, doel. Bestuur verbind dié vier.
Van hierdie vier faktore kom daar twee
van onder af; die ander twee van bo.
(Die woorde *bo* en *onder* toon net die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

verband en is geen waardeoordeel nie).
Die twee wat van die laer stelsel kom,
ken ons as *materie* en *energie.*
Die twee wat van die hoër stelsel kom,
staan algemeen bekend as *vorm* en *doel.*

'n Muur, byvoorbeeld, word van steen gebou.
*Materie* moet dus beskikbaar wees,
en dit lê aan die muur beperkings op.

Om hierdie muur te bou, verg ook
nog mannekrag en arbeid, tyd en geld
om mee te koop; dus eintlik *energie.*
Maar boumateriaal en energie
kan nooit 'n huis se oorsprong wees nie.
Wat nog ontbreek, is 'n konsep of plan
wat kies oor hoe die dele saam sal hang.
Die keuses kom van bo en gee die *vorm.*

Maar selfs die stene, kragte en die plan
laat almal saam geen muur spontaan ontstaan.
'n Muur moet mos 'n funksie hê, 'n *doel*
vir iemand wat van bo besluit dat hy
'n muur moet hê wat iets vir hom moet doen.
En daardie doel gee aan die muur sy *sin*.

Materiaal en energie, struktuur
en doel werk wederkerig op mekaar.
Hul gee mekaar deur ewewig die sin.

Materiaal en energie: dit is
die drang van fantasie, die kans en die geluk,
die toeval, nuk en gier, en die geskenk —
die gawe van die erflikheid: talent.
Struktuur en doel: dit is die streng gesag
waaraan die toevalsaanbod moet voldoen;
die rede en die kil en koue keus,
die inligting wat selekteer, wat keur
uit wat die fantasie in oorvloed bied.
Omgewing kies van bo af uit wat erf-
likheid van onder af beskikbaar stel.
Van onder af kom ryke fantasie,
gebore uit die stof en energie.
Van bo die oordeel, dit wil sê die norm,
verbind die fantasie in vaste vorm.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

As hierdie biomorfe siening geld
van kleine molekuul tot groot heelal,
dan geld dit sekerlik ook vir ons brein
en alle nuwe dinge wat ons skep;
want skepping is die vrug van baaierd en
van wet. Dus geld die nuwe siening des
te meer vir boukuns wat die moeder van
die kunste is. Nie slegs die kunste nie,
maar ook die wetenskappe sluit dit in.
Want aan die een kant verg die skep-proses
'n ongetemde ryke fantasie,
die gawe van 'n onbedorwe kind.
Maar aan die ander kant vereis dit ook
'n yser dissipline van 'n mens
met jare ondervinding, kennis en
gesag, met albei voete op die grond.

Vandaar ons doel: ons wil studente lei
om self 'n lewensewewig te vind;
om kinderlik verbeeldingryk te bly,
maar kinderagtighede te vermy;
volwasse mens en krities-kundig word,
maar vry van bitterheid en spotterny.
'n Moeilike, maar lewende balans
wat nie té los en nie té vas moet wees,
maar altyd albei saam: dit is die kuns.
Ook in die teorie en die praktyk
'n moeilike, maar lewende balans.
Ook tussen onderrig en navorsing
'n moeilike, maar lewende balans.
Ook in die geesteswetenskap en die
eksakte wetenskap soek ons 'n ou
en nuwe ewewig — nie mengsel nie,
maar wel 'n nuwe sin en samehang.

Van oudsher reeds bevat die boukuns die
eksakte wetenskap soos kennis van
struktuur, materiaal, geometrie,
chemie en algebra en ander meer.

Van oudsher reeds bevat die boukuns van
die geesteswetenskap: geskiedenis,
wysbegeerte, godsdiens, estetiek,
ekonomie; selfs taal en skone kuns.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n Veelheid vakke, elders skerp verdeel:
op elke mishoop staan 'n haan en kraai;
elkeen het 'n stukkie waarheid beet —
en wantrou elke ander haan se kreet.

Die breë algemene studieveld
argitektuur, as aartsboukuns, verbind
— wat dikwels onversoenbaar lyk — die een
kultuurgedeelte met die ander een;
behels die grootste dissiplinekring
en strewe na die *universitas,*
die wese van die universiteit,
die afgeronde mens, universeel
geskool, om na gelang van eise wat
die wêreld om hom stel, óf konvergent
óf divergent, te handel en te dink.
Vir sulke mense is daar altyd werk.
Vir sulke mense baar die toekoms goud.
Dít is ons hoeksteen, is die fondament
waarop ons die toekoms met vertroue bou.


★ ★ ★

Geagte Dames en Geagte Here,
met u vergunning kan ons hier vanaand
simbolies ons gebou se hoeksteen lê.
'n Intreerede hou, is hoeksteen lê.

Die hoeksteen is, in heel gewone taal,
'n doodgewone boumateriaal.
Die hoeksteen kos ons geld en werk, en dié
is eintlik alles vorms van energie.
Die groot geheel is meer as bloot die som
van al die dele; dís hul nuwe vorm.
Die hoeksteenlegging is 'n fees en vier
bestendigheid, en vastigheid, en duur.
Maar ons is sterflik; weldra gaan ons heen,
ons skryf ons dag en datum op die steen.
Die hoeksteenlegging — is ook perke plant,
die skep van 'n beskermde binnekant.
Die hoeksteenlegging — dit is rigting vind
aan hoë hemellig, teen weer en wind.
Die hoeksteen, as die ware Wysheidsteen,
maak hemel, aarde, lug en water één.
Die hoeksteenlegging is 'n vrome daad:
die sarkofaag bewaar gewyde saad.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Van onder af kom ryke fantasie,
gebore uit die stof en energie;
van bo die oordeel, dit wil sê die norm,
verbind die fantasie in vaste vorm.




En hiermee word in plegtigheid verklaar
dat die Departement Argitektuur
se hoeksteen stewig lê. Mag dit sin
gee en bewaar die volgende vier duisend
ses honderd ses en dertig jaar.

Meneer die Vise-kanselier, ek dank
u vir u woorde van bekendstelling.
Aan u, Geagte Toehoorders, betuig
ek my opregte dank vir u geduld
en u welwillende teenwoordigheid.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT

1. "Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte" — Dr P C Coetzee
2. "Die Aard en Wese van Sielkundige Pedagogiek" — Prof B F Nel
3. "Die Toenemende belangrikheid van Afrika" — Adv E H Louw
4. "Op die Drumpel van die Atoomeeu" — Prof J H v d Merwe
5. "Livestock Philosophy" — Prof J C Bonsma
6. "The Interaction Between Environment and Heredity" — Prof J C Bonsma
7. "Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging" — Julie 1985
8. "Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948" — Prof H J J Reynders
9. "Suiwelbereiding as Studieveld" — Prof S H Lombard
10. "Die toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte" — Prof J J Matthee
11. "The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children" — Prof D G Steyn
12. "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex", Part 1 — Dr C J Liebenberg
13. "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex, Part II. The Different Rock Types" — Dr C J Liebenberg
14. "Protective action of Fluorine on Teeth" — Prof D G Steyn
15. "A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals" — Dr C P Snyman
16. "Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria" — Prof D M Joubert
17. "Die Bestryding van Plantsiektes" — Prof P M le Roux
18. "Kernenergie in Suid-Afrika" — Prof A J A Roux
19. "Die soek na Kriteria" — Prof A P Grové
20. "Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap" — Prof E B van Wyk
21. "Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk" — Prof D J Stoker
22. "Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie" — Prof P C Snijman
23. "Freedom — What for" — Prof D G Steyn
24. "Once more — Fluoridation" — Prof D G Steyn
25. "Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde" — Prof P C Coetzee
26. "Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap" — Prof J A Lombard
27. "The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal" — Dr C J Liebenberg
28. "Die Inligtingsprobleem" — Prof C M Kruger
29. "Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies" — Prof D G Steyn
30. "Konstituering in Teoreties-Didaktiesel Perspektief" — Prof F van der Stoep
31. "Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap" — Prof Anna S Pohl
32. "The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal" — Dr D Page
33. "Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Professie" — Prof J J N Cloete
34. "Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit" — Prof J A E Leue
35. "Analitiese Chemie" — Prof C J Liebenberg
36. "Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing" — Prof D J L Visser
37. "Moses by die Brandende Braambos" — Prof A H van Zyl
38. "A Qualitative Study of the Nodulation Ability of Legume Species: List 1" — Prof N Grobbelaar, M C van Beyma en C M Todd
39. "Die Messias in die saligsprekinge" — Prof S P J J van Rensburg


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

40. Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1963/1964
41. "Universiteit en Musiek" — Prof J P Malan
42. "Die studie van die Letterkunde in die Bantoetale" — Prof P S Groenewald
43. Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1964/1965
44. "Die Drama as Siening en Weergawe van die Lewe" — Prof G Cronjé
45. "Die Verboude Grond in Suid-Afrika" — Prof D G Haylett
46. "'n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo" — Prof Charlotte Searle
47. Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1965/1966
48. "Op soek na Pedagogiese Kriteria" — Prof W A Landman
49. "Die Romeins-Hollandse Reg in Oënskou" — Prof D F Mostert
50. Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1966/1967
51. "Inorganic Fluoride as the cause, and in the prevention and treatment of disease" — Prof Douw G Steyn
52. "Honey as a food and in the prevention and treatment of disease" — Prof D G Steyn
53. "A check list of the vascular plants of the Kruger National Park" — Prof H P van der Schijff
54. "Aspects of Personnel Management" — Prof F W Marx
55. Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1967/1968
56. "Sport in Perspektief" — Prof J J Botha
57. "Die Huidige Stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons Verantwoordelikheid" — Prof J A Heyns
58. "Onkruide en hul beheer met klem op chemiese beheer in Suid-Afrika" — Prof P C Nel
59. "Die Verhoudingstrukture van die Pedagogiese Situasie in Psigopedagogiese Perspektief" — Prof M C H Sonnekus
60. "Kristalhelder Water" — Prof F A van Duuren
61. "Arnold Theiler (1867—1936) — His Life and Times" — Dr Gertrud Theiler
62. "Dr Hans Merensky — Mens en Voorbeeld" — Prof P R Skawran
63. "Geskiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede" — Prof F J du Toit Spies
64. "Die Magistergraadstudie in Geneeskundige Praktyk (M Prax Med) van die Universiteit van Pretoria" — Prof H P Botha
65. Samevattings van Proefskrifte/Verhandelinge 1968/1969
66. "Kunskritiek" — Prof F G E Nilant
67. "Anatomie — 'n Ontleding" — Prof D P Knobel
68. "Die Probleem van Vergelyking en Evaluering in die Pedagogiek" — Prof F J Potgieter
69. "Die Eenheid van die Wetenskappe" — Prof P S Dreyer
70. "Aspekte van die Sportfisiologie en die Sportwetenskap" — Dr G W v d Merwe
71. "Die rol van die Fisiologiese Wetenskappe as deel van die Veterinêre Leerplan" — of W L Jenkins
72. "Die rol en toekoms van Weidingkunde in Suid-Afrikaanse Ekosisteme" — Prof J O Grunow
73. "Some Problems of Space and Time" — Mnr K A Schrecker
74. "Die Boek Prediker — 'n Smartkreet om die Gevalle Mens" — Prof J P Oberholzer
75. Titels van Proefskrifte en Verhandelinge ingedien gedurende 1969/1970; 1970/1971 en 1971/1972
76. "Die Akademiese Jeug is vir die Sielkunde meer as net 'n Akademiese Onderwerp" — Prof D J Swiegers
77. "'n Homiletiese Herwaardering van die Prediking vanuit die Gesigshoek van die Koninkryk" — Prof J J de Klerk
78. "Analise en Klassifikasie in die Vakdidaktiek" — Prof C J van Dyk
79. "Bantoereg: 'n Vakwetenskaplike Terreinverkenning" — Prof J M T Labuschagne
80. Dosentekursus 1973 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 30 Jan — 9 Feb 1973
81. "Volkekunde en Ontwikkeling" — Prof R D Coertze

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

82. "Opleiding in Personeelbestuur in Suid-Afrika" — Prof F W Marx
83. "Bakensyfers vir Diereproduksies" — Prof D R Osterhoff
84. "Die Ontwikkeling van die Geregtelike Geneeskunde" — Prof J Studer
85. "Die Liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap?" — Prof J L Botha
86. Dosentekursus: 1974 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 4—7 Feb 1974
87. "Die opleiding van die mediese student in Huisartskunde aan die Universiteit van Pretoria" — Prof H P Botha
88. "Opleiding in bedryfsekonomie in die huidige tydvak" — Prof F W Marx
89. "Swart arbeidsregtelike verhoudings, quo vadis?" — Prof S R van Jaarsveld
90. "The Clinical Psychologist: Training in South Africa". A report on a three-day invitation conference: 11—13 April 1973
91. "Studie van die Letterkunde in die Taalonderrig" — Prof L Peeters
92. "Gedagtes rondom 'n Kontemporêre Kerkgeskiedenis — met besondere verwysing na die Nederduits Gereformeerde Kerk" — Prof P B van der Watt
93. "Die funksionele anatomie van die herkouermaag-vorm is gekristalliseerde funksie" — Prof J M W le Roux
94. Dosentekursus 1975 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 27 Januarie — 6 Februarie 1975
95. "'n Nuwe benadering tot die bepaling van die koopsom in die geval van 'n oorname" — Prof G van N Viljoen
96. "Enkele aspekte in verband met die opleiding van veekundiges" — Prof G N Louw
97. "Die Soogdiernavorsingsinstituut 1966—1975"
98. "Prostetika: 'n doelgerigte benadering" — Prof P J Potgieter
99. "Inligtingsbestuur" — Prof C W I Pistorius
100. "Is die bewaring van ons erfenis ekonomies te regverdig?" — Dr Anton Rupert
101. "Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie — Verlede, Hede en Toekoms" — Prof J D Duvenhage
102. "Keel-, Neus- en Oorheelkunde — Hede en Toekoms" — Prof H Hammersma
103. Dosentesimposia 1975
104. "Die Taak van die Verpleegonderwys" — Prof W J Kotzé
105. "Quo Vadis, Waterboukunde?" — Prof J P Kriel
106. "Geregtelike Geneeskunde: Die Multidissiplinêre Benadering" — Prof J D Loubser
107. "Huishoudkunde — Waarheen?" — Prof E Boshoff
108. Dosentekursus 1976 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 29 Januarie — 4 Februarie 1976
109. Tweede H F Verwoerd-gedenklesing gehou deur die Eerste Minister Sy Edele B J Vorster
110. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1972/73; 1973/74 en 1974/75 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1975
111. "Ortodonsie — 'n Oorsig en waardebepaling" — Prof S T Zietsman
112. "Rede gelewer by die ingebruikneming van die Nuwe Kompleks vir die Tuberkulose-navorsingseenheid van die MNR" — Prof H W Snyman
113. "Die gebruik van Proefdiere in Biomediese Navorsing, met Spesiale Verwysing na Eksperimentele Chirurgie" — Prof D G Steyn
114. "Die Toekoms van die Mynboubedryf in Suid-Afrika" — Prof F O P Leiding
115. "Van Krag tot Krag" — Dr Anton Rupert
116. "Carnot, Adieu!" — Prof J P Botha
117. "'n Departement van Hematologie — Mode of Noodsaak" — Prof K Stevens
118. "Farmaka en Farmakologie: Verlede, Hede en Toekoms" — Prof De K Sommers
119. "Opleiding in Elektrotegniese Ingenieurswese — Deurbraak of Dwaling?" — Prof L van Biljon
120. "Die Röntgendiagnostiek voor 'n Nuwe Uitdaging — die Toegepaste Fisiologie" — Prof J M van Niekerk


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

121. "Die Algemene Sisteemteorie as Uitgangspunt by die Beplanning van 'n Basiese Biblioteek- en Inligtingkundige Opleidingsprogram" — Prof M C Boshoff
122. Dosentekursus: 1977
123. "Hulpverlening aan kinders met leerprobleme" — Prof P A van Niekerk
124. "Tuinboukunde Quo Vadis" — Prof L C Holtzhausen
125. "Die plek en toekomstaak van 'n Departement Huisartskunde in 'n Fakulteit van Geneeskunde" — Prof A D P van den Berg
126. "Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1975/76 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1976
127. "Landbouvoorligting by die kruisad — Uitdagings vir Agrariese Voorligting as Universiteitsdepartement" — Prof G H Düvel
128. "Die ontplooiing van Rekenaarwetenskap as 'n funksie van evolusie op Rekenaargebied" — Prof R J van den Heever
129. "Die rol van navorsing in die opleiding en ontwikkeling van die akademiese chrirug" — Prof C J Mieny
130. "Sport and Somatology in Ischaemic Heart Disease" — Prof P J Smit
131. Dosentekursus 1978
132. "'n Beter Toekoms" — Dr Anton Rupert
133. Toespraak gelewer by geleentheid van die Lentepromosieplegtigheid van die Universiteit van Pretoria op 8 September 1978 — Mnr J A Stegmann, Besturende Direkteur van Sasol
134. "Geologie in 'n toekoms van Beperkte Hulpbronne" — Prof G von Gruenewaldt
135. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1976/77 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigend op 15 November 1977
136. "Die Kind met Spesifieke Leergestremdhede" — Proff P A van Niekerk en M C H Sonnekus
137. "Sensore en Tensore" — Prof N Maree
138. "Die Godsdienswetenskappe en die Teologie" — Prof P J van der Merwe
139. "Dierefisiologiese navorsing aan die Universiteit van Pretoria (1928—1978)" — Prof J F W Grosskopf
140. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1977/78 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1978
141. "Behoeftebepaling en doelformulering in die Opvoeding, Onderwys en Opleiding" — Prof E J Potgieter
142. "Klein sake is 'Grootsake'" — Dr Anton Rupert
143. "Die Pad Vorentoe" — Prof W E G Louw
144. Referate gelewer tydens die jubileumjaarviering — Prof P S Dreyer
145. "Die gebruikmaking van Kies-en-keur en invulvraestelle" — lesing gelewer tydens 'n kursus vir dosente op 19 en 20 April 1979 en 22 en 23 Oktober 1979
146. "Survey of Disease Patterns in Transkei and the Ciskei" — E Rose, W G Daynes en P J Kloppers
147. Die Ortopedagogiek as Praktykgerigte Pedagogiekperspektief" — Prof P A van Niekerk
148. "Die rol van Kernkrag gesien teen die agtergrond van die energietekort in die wêreld" — Dr A J A Roux
149. "Exchange lists for selected Protein Diets" — Medv J M Crous
150. "Die Universiteit van Pretoria se bydrae tot die Dierefisiologiese Vakliteratuur (1930—1980)" — J F W Grosskopf, J D Skinner en S Christa Daffüe
151. "Professors' Dilemma. Problems, Polemics and Politics in University Departments of English" — Prof P J H Titlestad
152. "Ortopedie, Die Ortopeed en die mens" — Prof R P Gräbe
153. "Die rol van Fisika in die moderne gemeenskap" — Prof E K H Friedland
154. "Interne Geneeskunde: Wetenskap en Kuns" — Prof G P Human
155. "Die opleiding van Chemiese Ingenieurs in Suid-Afrika" — Prof U Grimsehl
156. "Doelwitte vir Musiekopleiding" — Prof S Paxinos

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

157. "Die stand van die Beeldende Kuns in Suid-Afrika" — Prof N O Roos
158. "Op die spoor van die Onsigbare Lig" — Prof S F Prinsloo
159. "Beroepsoriënteringspedagogiek gereël deur die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria as deel van die Halfeeufeesviering 12 tot 14 Augustus 1980 — Onder redaksie van Prof C J Joubert
160. "Die selfbeeld van die Sosiologie en Sosioloë" — Prof J S Oosthuizen
161. "Onderwysopleiding — 'n Didakties-Pedagogiese en Vakdidaktiese beskouing" — Prof W J Louw
162. "Die teenwoordigheid van Christus in die Erediens" — Prof A C Barnard
163. "Die Stand en taak van Geesteswetenskaplike Navorsing in die RSA" — Prof J G Garbers
164. "Die betekenis van die Regsfilosofie vir Regsnavorsing en Regspleging" — Prof J V van der Westhuizen
165. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1978—1979 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die 12 maande eindigende op 15 November 1979
166. "Die verskynsel van Spesialisering by insekte en entomoloë" — Prof E Holm
167. "Fiftieth Anniversary Lectures": University of Pretoria — August — September 1980 — George D Yonge
168. "Kindergeneeskunde in die jaar 2000" — Prof R E Cronje
169. "Praktiese Regsopleiding in die Akademie" — Prof C F Eckard
170. "Proceedings of the Symposium on Controversies in Surgery" — Edited by Prof C J Miney
171. "The Psychic Life of the Child with Specific Learning disabilities" — Prof M C H Sonnekus
172. "B F Nel Herdenkingsrede — Universiteit van Pretoria" 12 Augustus 1981 — Prof E A van Trotzenburg
173. "Statistiek en die statistikus in diens van die gemeenskap" — Prof H S Schoeman
174. "Menslike Anatomie — basiese geneeskundige vak" — Prof I J M van Niekerk
175. "Môre se uitdaging vir die Suid-Afrikaanse Mynboubedryf" — Prof A N Brown
176. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1979/80 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die 12 maande eindigende op 15/11/1980
177. "Leiding aan Magister en Doktorale studente" — Prof W A Landman
178. "Steekproefneming in die Praktyk" — Prof D G Stoker
179. "Bestuur — Wetenskap of Kultuur?" — Dr A Rupert
180. "Uitdagings wat nuwere tendense aan die Universiteitsbiblioteekwese stel" — Die departement Biblioteek- en Inligtingkunde en die Biblioteekdiens van die Universiteit van Pretoria
181. "Liggaamsbeweging en die Mens in Wording" — "Physical movement and the Becoming of Man" — Onder redaksie van/edited by Prof J L Botha en/and Prof P J Smit
182. "Kriminologie 2000" — Prof D G Steyn
183. "A Horse! A Horse' My Kingdom for a Horse!" — Prof M M S Smuts
184. "Die bydrae van Mondpatologie tot die Geneeskunde" — Prof A J Ligthelm
185. "Lectures on Philosophical Hermeneutics" — Prof Dr Hans-Georg Gadamer
186. "Inhuldigingsrede van Vise-Kanselier en Rektor" — Prof D M Joubert
187. "Uitdagings vir 'n Ginekologie en Obstetrie Departement in die ruimte-eeu" — Prof J V van der Merwe
188. "Die uitdaging van Elektriese Ingenieurswese in Suid-Afrika" — Prof N Wessels
189. "Titels van proefskrifte en verhandelinge ingedien gedurende 1980/81 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1981"
190. "Die belangrikheid van Periodonsie en Mondgeneeskunde in Tandheelkunde" — Prof J A Pretorius
191. "Strategieeë vir die implementering van navorsingsbevindinge in die Geesteswetenskapope" — Dr J G Garbers


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

192. "Gesprekke oor die Wiskunde" — Onder redaksie van Prof P J Zietsman
193. "Gemeenskapsgesondheid: 'n Nuwe Naam en 'n Nuwe Benadering" — Prof A M Coetzee
194. "Vrees dat die Wonderboom sal ... (val)?" (J C Steyn) — Prof Réna Pretorius
195. "Evaluering van die hedendaagse beroepsoriënteringsteorie en -praktyk" — Prof C J Joubert
196. Magskonsentrasie: Voor- en Nadele" — Dr A E Rupert
197. "Waarom Chemie?" — Prof A Wiechers
198. "Biblioteek- en Inligtingkunde: Quo Vadis" — Prof J A Boon
199. "B.F. Nel-Gedenklesing" — Prof F van der Stoep
200. "Die opleiding van navorsers in die Geesteswetenskappe" — Dr J G Garbers
201. "'n Konteks vir die Argitektuur" — Onder redaksie van Prof D Holm
202. "Wiskunde in diens van die gemeenskap" — Prof J Swart
203. "Die moderne staatkunde in die Republiek van Suid-Afrika" — Prof F L Ackron
204. "Wetmatigheid en Meganiese Ingenieurswese" — Prof P C Haarhoff
205. "Gesoek: Die nuwe Entrepreneur" — Dr R E Rupert
206. "Kernreaksies van 'n ander aard" — Prof L Visser
207. "Lifestyle and disease". Symposium of the Hans Snyckers Institute
208. "Verpleegkunde in perspektief: Graadopleiding aan die Universiteit van Pretoria" — Prof J G P van Niekerk
209. "Onderwysvernuwing: 'n Onvermybare Opgaaf" — Prof M J Bondesio
210. "Die Siviele Ingenieursdosent in diens van ..." — Prof A W Rohde
211. "Kontemporêre uitdagings aan Universiteite in die akademiese voorbereiding van openbare Administrateurs" — Prof P S Botes
212. "Historia Augusta. Knolskrywer(s) ... of knollesers ... of knolle vir lesers" — Prof J Scholtemeijer.
213. "Kennis — Graaf en Swaard" — Prof P A Fourie.
214. "Die kreatiewe aanwending van Volksmusiek" — Prof C E Lamprecht.
215. "Die noutetiese beraad: Bybels of Biblisisties" — Prof T F J Dreyer.
216. "Ortodonsie: 'n Oorsig" — Prof J J G G de Mûelenaere.
217. "Inhuldigingsrede van Kanselier" — Sy Edele A L Schlebusch.
218. "Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie en Gesplete Gesigsdeformiteite in Perspektief" — Prof Kurt W Bütow.
219. "Ewewig: Stilte en Storm" — Prof J G Swart.
220. "Departement Geneeskunde — die verlede — die hede en die toekoms" — Prof P Brand-Van den Berg.
221. "Die Deurbreking van Isolasie tussen Wetenskapkulture" — Dr J G Garbers.
222. "Van die RGN-Onderwysondersoek tot witskrif en wetgewing — Navorsingsoorwegings" — Dr J G Garbers
223. "Diagnostiek en Röntgenologie — 'n uitdaging" — Prof J E Seeliger
224. "Geweld in die samelewing" — Prof S I du Toit
225. "Kernkrag: 'n Vredesreis" — Prof M P Iturralde
226. "Veterinêre Volksgesondheid — vakgebied of beroepstaak?" — Prof L W van den Heever
227. "Vakkurikulum: Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie" — Prof K W Butow
228. "Gemeenskapsgesondheid: Gesondheidsrealiteite en die verantwoordelikhede van 'n Universiteit" — Prof E Glatthaar
229. "Bestuursopleiding in Perspektief" — Prof L M Bfümmer
230. "Fisiologie — struktuur en funksie" — Prof J J Theron.
231. "Opvoeding en Onderwys onder maatskaplike druk" — Prof J W M Pretorius.
232. "Wysbegeerte en die Universiteit" — Prof A P du Toit.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Universiteit van Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
NUWE REEKS NR. 233 — 1986
ISBN 0 86979 420 5
PRYS: R7,12

Hierdie publikasie en die publikasies wat hierin vermeld word, is verkrygbaar van:

VAN SCHAIK'S BOEKHANDEL (EDMS) BPK
BURNETTSTRAAT 1096
HATFIELD
0083

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

V&R Pta

Digitised by the University of Pretoria, Library Services